

NG KEMPTON PARK OOS

24 JULIE 2016

Aanddiens

Ons jongmense word hartlik uitgenooi na vanaand se aanddiens wat aangebied word deur ds Johann. Sien jou om 18:15 vir 'n unieke ervaring!

Volgende Sondag is ons gemeente die gasheer van die Ring van Benoni vir die jaarlikse Ringsitting. Daar sal slegs om **8uur en 10uur** eredienste wees wat deur ds Braam gelei word. **Daar sal geen aanddiens en hoërskool kategrese wees nie.**

Voorbidding asb

Voorbidding word gevra vir die Kerkraadsvergadering van môreand om 19:00 in die konsistorie.

Verandering op jaarprogram

7 Augustus word as 'n langnaweek beskou met die skolevakansiedag op die Maandag. Daar sal gevolglik net een diens om 9:00 wees wat deur ds Braam gelei gaan word.

Ietsie spesiaal vir ons snr lidmate!

10 Aug om 10:00 word daar sirkus gehou! Bring jou eie eetgerei saam en kom geniet die prettige dag saam die Kuierhoekie.

Baie welkom aan almal vandag by die erediens. As u 'n besoeker is hoop ons van harte dat hierdie diens tot u hart sal spreek.

10 September hou ons basaar.... :-)

Wil jy betrokke wees by die reëlings en organisering daarvan - dan word jy vriendelik uitgenooi om vanoggend na die eerste diens in die konsistorie te vergader.

Unieke Sondag 28 Aug 2016

8:00 Konekt diens in die saal
10:00 Erediens in die kerk
18:15 Kersligdiens in die kerk

**VIR DIE GHOLFERS — ONTHOU VAN ONS
JAARLIKSE GHOLFDAG TEN BATE VAN ONS
SATELLIETHUIS — 16 NOV BY BENONI
COUNTRY CLUB.**

Wees 'n Lighawe van God se liefde vir iemand vandag....



**Opgradering projek –
woonkwartiere**

Daar is 'n kommittee saamgestel om die opgradering van die werkers se woonkwartiere te hanteer. Hierdie projek bestaan uit vele fasette soos verf, vervanging van dakplate, herstelwerk van deure, ens. Ons het u hulp nodig. Kontak gerus die kerkkantoor indien u graag 'n bydrae sou wou maak tov hierdie projek.

Het jy ekstra tyd in die dag en week om af te staan om iemand wat siek en eensaam is te besoek en te bemoedig?

Ons wil graag so 'n bediening begin. Indien jy belangstel – gee jou inligting deur na die kerkkantoor.

As jy nie regtig tyd het nie – meld by die boeke tafel aan en raak betrokke by die gebedsbediening. Gesels gerus met Delene Ackron.

Besoek gerus ons webblad om die nuutste preke te luister.

www.ngkpo.co.za

Cd's van die preke kan ook in die portaal bestel word. R10 donasie help met die onkoste.

Save the date!

15 Oktober 2016

Al ons ma's en dogters...

**Beplan u om te trou, of reeds
jonk getroud**

Daar is 'n huweliksvoorbereiding kursus in September. Meer inligting sal later deurgegee word. Die kursus is nie net beperk tot lidmate van ons gemeente nie – enige egpaar is welkom om dit by te woon.

**Debietorder stelsel
– vir kennisname**

Ons is in die proses om die debietorder verhalings te verskuif vanaf ABSA na Sagepay.